# GEOUDITEERDE RESULTATE

## VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2011

- Halfjaaruitkeergroei **10,4%**
- Totale uitkering 383 sent **7,3%** hoër
- Markkapitalisasie R12,9 miljard **37%** hoër
- Totale bates R20,2 miljard **76%** hoër
- NBW uitgesluit uitgestelde belasting **R57,37**
- Hefboomfinansiering **26,2%**

**HYPROP**
INVESTMENTS LIMITED
Property investment excellence.

Hyprop Investments Beperk (Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika) Registrasienommer 1987/005284/06) Aandelekode: HYP ISIN: ZAE000003430
("Hyprop" of "die maatskappy")

www.hyprop.co.za

## STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| | Geouditeer 31 Des 2011 R'000 | Geouditeer 31 Des 2010 Aangepas R'000 |
|---|---|---|
| Inkomste | **1 583 157** | 1 119 048 |
| Inkomste uit beleggingseiendom | **1 350 937** | 984 910 |
| Reguitlyn metode huurinkomste aanpassing | **100 214** | 14 148 |
| Inkomste uit genoteerde eiendomsekuriteite | **132 006** | 119 990 |
| Eiendomsuitgawes | **(511 681)** | (371 932) |
| Netto eiendomsinkomste | **1 071 476** | 747 116 |
| Ander bedryfsuitgawes | **(43 855)** | (36 044) |
| Bedryfsinkomste | **1 027 621** | 711 072 |
| Netto rente | **(208 325)** | (121 554) |
| Ontvang | **31 416** | 7 006 |
| Betaal | **(239 741)** | (128 560) |
| Netto bedryfsinkomste | **819 296** | 589 518 |
| Verandering in billike waarde | **(212 008)** | 586 121 |
| Beleggingseiendom | **236 654** | 517 262 |
| Reguitlyn metode huurinkomste aanpassing | **(100 214)** | (14 148) |
| Genoteerde eiendomsekuriteite | **258 716** | 75 430 |
| Klandisiewaarde | **(547 654)** | |
| Afgeleide instrumente | **(59 510)** | 7 577 |
| Verlies met verkoop van beleggingseiendom | **(6 129)** | |
| Verlies met verkoop van genoteerde eiendomsekuriteite | **(3 706)** | |
| Amortisasie van skuldbriefpremie | **231 354** | 110 810 |
| Amortisasie van finansiële waarborg vir Amortisasie van finansiële waarborg vir geassosieerde maatskappy | | 953 |
| Nie-kerninkomste | **4 555** | 905 |
| Inkomste voor skuldbriefrente | **833 362** | 1 288 307 |
| Skuldbriefrente | **(741 703)** | (593 024) |
| Netto inkomste voor aandeel van inkomste uit geassosieerde maatskappy | **91 659** | 695 283 |
| Aandeel van inkomste uit geassosieerde maatskappy | **9 949** | 55 201 |
| Inkomste uit beleggingseiendom | **9 949** | 15 518 |
| Reguitlyn metode huurinkomste aanpassing | | 320 |
| Verandering in billike waarde van beleggingseiendom | | 39 363 |
| Wins voor belasting | **101 608** | 750 484 |
| Belasting | **(185 639)** | (80 696) |
| Totale omvattende (verlies)/inkomste vir die jaar | **(84 031)** | 669 788 |
| **Verkorte rekonsiliasie - wesensverdienste en uitkeerbare verdienste** | | |
| **Netto (verlies)/inkomste na belasting** | **(84 031)** | 669 788 |
| Skuldbriefrente | **741 703** | 593 024 |
| **Verdienste** | **657 672** | 1 262 812 |
| Wesensverdienste-aanpassings | **122 613** | (489 099) |
| Verandering in billike waarde van beleggingseiendom (na aftrekking van uitgestelde belasting) | **(203 522)** | (378 289) |
| Waardedaling van klandisiewaarde | **547 654** | |
| Verlies met verkoop van genoteerde eiendomsekuriteite | **3 706** | |
| Verlies met verkoop van beleggingseiendom | **6 129** | |
| Amortisasie van skuldbriefpremie | **(231 354)** | (110 810) |
| **Wesensverdienste** | **780 285** | 773 713 |
| Aanpassings vir uitkeerbare verdienste | **(37 054)** | (180 937) |
| Verandering in billike waarde van genoteerde eiendomsekuriteite (na aftrekking van uitgestelde belasting) | **(222 496)** | (64 870) |
| Verandering in billike waarde van afgeleide instrumente | **59 510** | (7 577) |
| Amortisasie van finansiële waarborg vir geassosieerde maatskappy | | (953) |
| Aandeel van inkomste uit geassosieerde maatskappy | | (39 683) |
| Belasting | **87 986** | |
| Uitgestelde belasting | **28 302** | (68 837) |
| Attfund-transaksiekoste | **9 644** | 983 |
| **Uitkeerbare verdienste** | **743 231** | 592 776 |
| Totale getal uitgereikte gekombineerde eenhede | **243 113 169** | 166 113 169 |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte gekombineerde eenhede | **192 061 114** | 166 113 169 |
| Verdienste per gekombineerde eenheid | **342,4** | 760,2 |
| Wesensverdienste per gekombineerde eenheid | **406,3** | 465,8 |
| Uitkeerbare verdienste per gekombineerde eenheid | **383,6** | 356,9 |
| **Uitkeringsbesonderhede** | | |
| **Totale uitkering vir die jaar** | **383,00** | 357,00 |
| Ses maande geëindig 31 Desember | **202,00** | 183,00 |
| Vier maande geëindig 31 Desember | **137,00** | |
| Spesiale uitkering – twee maande geëindig 31 Augustus | **65,00** | |
| Ses maande geëindig 30 Junie | **181,00** | 174,00 |

## STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

| | Geouditeer 31 Des 2011 R'000 | Geouditeer 31 Des 2010 Aangepas R'000 | Geouditeer 31 Des 2009 Aangepas R'000 |
|---|---|---|---|
| **Bates** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **19 746 691** | 11 303 054 | 10 550 405 |
| Beleggingseiendom | **17 357 277** | 9 481 454 | 8 858 711 |
| Geboutoebehore en huurderinstallasies | **35 873** | 21 237 | 20 993 |
| Belegging in geassosieerde maatskappy | **117 658** | 210 055 | 169 499 |
| Klandisiewaarde | **12 493** | | |
| Afgeleide instrumente | | 13 227 | |
| Lening ontvangbaar | **47 217** | 47 813 | 47 364 |
| Genoteerde eiendomsekuriteite | **2 176 173** | 1 529 268 | 1 453 838 |
| **Bedryfsbates** | **327 641** | 154 331 | 258 153 |
| Debiteure | **119 247** | 86 584 | 80 591 |
| Kontant en kontantekwivalente | **208 394** | 67 747 | 177 562 |
| **Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop** | | | |
| Beleggingseiendom | **123 822** | | |
| **Totale bates** | **20 198 154** | 11 457 385 | 10 808 558 |
| **Ekwiteit en laste** | | | |
| Aandelekapitaal en reserwes | **6 070 107** | 6 154 138 | 5 484 350 |
| **Laste** | | | |
| **Nie-bedryfslaste** | **12 116 277** | 4 826 690 | 4 909 093 |
| Skuldbriewe en skuldbriefpremie | **6 359 541** | 2 447 895 | 2 558 705 |
| Langtermynlenings | **4 191 622** | 1 490 000 | 1 550 000 |
| Afgeleide instrumente | **44 463** | 21 111 | 12 447 |
| Finansiële waarborg vir geassosieerde maatskappy | | | 953 |
| Uitgestelde belasting | **1 520 651** | 867 684 | 786 988 |
| **Bedryfslaste** | **2 011 770** | 476 557 | 415 115 |
| Krediteure | **308 482** | 172 570 | 134 691 |
| Korttermynlenings | **1 347 292** | | |
| Afgeleide instrumente | **22 931** | | 3 015 |
| Eenheidshouers vir uitkering | **333 065** | 303 987 | 277 409 |
| **Totale laste** | **14 128 047** | 5 303 248 | 5 324 208 |
| **Totale ekwiteit en laste** | **20 198 154** | 11 457 385 | 10 808 558 |
| **Netto batewaarde per gekombineerde eenheid (R)** | **51,12** | 51,78 | 48,42 |
| **Netto batewaarde per gekombineerde eenheid – uitgesluit uitgestelde belasting (R)** | **57,37** | 57,01 | 53,16 |

## VERKORTE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

| | Geouditeer 31 Des 2011 R'000 | Geouditeer 31 Des 2010 Aangepas R'000 | Geouditeer 31 Des 2009 Aangepas R'000 |
|---|---|---|---|
| Saldo aan die begin van die jaar | **6 154 138** | 5 484 350 | 4 247 182 |
| Aanpassing van vorige tydperk se saldo's | | | 685 143 |
| Totale omvattende (verlies)/inkomste vir die tydperk | **(84 031)** | 669 788 | 552 025 |
| **Saldo aan die einde van die jaar** | **6 070 107** | 6 154 138 | 5 484 350 |

## VERKORTE KONTANTVLOEISTAAT

| | Geouditeer 31 Des 2011 R'000 | Geouditeer 31 Des 2010 R'000 |
|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | **(47 667)** | 62 608 |
| Kontant gegenereer uit bedrywighede | **879 948** | 735 963 |
| Rente ontvang | **31 416** | 7 006 |
| Rente betaal | **(239 741)** | (128 560) |
| Belasting betaal | **(17 983)** | |
| Uitkering aan eenheidshouers | **(712 625)** | (566 446) |
| Inkomste uit geassosieerde maatskappy | **11 318** | 14 645 |
| Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite | **(4 420 885)** | (112 423) |
| Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite | **4 609 200** | (60 000) |
| Netto toename/(afname) in kontant en kontant ekwivalente | 140 648 | (109 815) |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | 67 746 | 177 562 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar** | **208 394** | **67 747** |

## KOMMENTAAR

### INLEIDING

Hyprop is Suid-Afrika se grootste genoteerde gespesialiseerde winkelsentrumfonds met twaalf winkelsentrums in regstreekse besit. Alle huurinkomste wat deur die maatskappy verdien word, minus eiendomsuitgawes en rente op skuld, word halfjaarliks aan eenheidhouers uitgekeer. Die maatskappy se primêre doelwit is om oor die langtermyn vir beleggers volhoubare inkomstegroei en kapitaalappresiasie te bied.

### FINANSIËLE RESULTATE

Hyprop het 'n totale uitkering van 383 sent per gekombineerde eenheid vir die jaar verklaar, 'n 7,3% toename teenoor die vorige jaar. Die finale uitkering van 137 sent, tesame met die spesiale uitkering van 65 sent wat op 17 Oktober 2011 betaal is, verteenwoordig totale groei van 10,4% vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 2010.

### SEGMENTOORSIG

| Besigheidsegment | 31 Desember 2011 Inkomste R'000 | 31 Desember 2011 Uitkeerbare verdienste R'000 | 31 Desember 2010 Inkomste R'000 | 31 Desember 2010 Uitkeerbare verdienste R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Canal Walk | 423 566 | 301 315 | 387 809 | 276 462 |
| **Super streeksentrums** | **423 566** | **301 315** | **387 809** | **276 462** |
| Clearwater Mall* | 96 654 | 61 562 | | |
| The Glen | 178 087 | 112 927 | 163 328 | 103 096 |
| Woodlands Boulevard* | 59 054 | 40 619 | | |
| CapeGate* | 57 266 | 36 911 | | |
| **Groot streeksentrums** | **391 061** | **252 019** | **163 328** | **103 096** |
| Hyde Park | 152 944 | 93 963 | 140 613 | 88 080 |
| The Mall of Rosebank | 105 823 | 70 222 | 107 414 | 64 995 |
| Southcoast Mall | 20 968 | 11 565 | 21 600 | 13 372 |
| **Streeksentrums** | **279 735** | **175 750** | **269 627** | **166 447** |
| Willowbridge* | 25 932 | 15 253 | | |
| Stoneridge | 58 339 | 25 795 | 49 523 | 27 552 |
| Somerset Value Mart* | 6 903 | 4 597 | | |
| Atterbury Value Mart* | 31 062 | 24 163 | | |
| **Value-sentrums** | **122 236** | **69 808** | **49 523** | **27 552** |
| **Winkelsentrums** | **1 216 598** | **798 892** | **870 287** | **573 557** |
| **Kantore #** | **70 569** | **45 320** | **49 857** | **28 015** |
| **Hotelle** | **47 326** | **(5 866)** | **64 766** | **11 406** |
| **Beleggingseiendom** | **1 334 493** | **838 346** | **984 910** | **612 978** |
| Genoteerde eiendomsekuriteite | 132 006 | 132 006 | 119 990 | 119 990 |
| Fondsbestuuronkoste | | (34 209) | | (35 061) |
| Netto rente (betaal)/ontvang | | (208 325) | | (121 554) |
| Aandeel van inkomste uit geassosieerde maatskappy - VPIF | | 9 949 | | 15 518 |
| Word4Word Marketing* | 16 444 | 909 | | |
| Reguitlyn metode huurinkomste aanpassing | 100 214 | | 14 148 | |
| Nie-kerninkomste | | 4 555 | | 905 |
| **Totale Inkomste** | **1 583 157** | **743 231** | **1 119 048** | **592 776** |

** Vanaf 1 September 2011 verkry*

*# Sluit kantore in wat vanaf 1 September 2011 van Attfund Retail verkry is*

Die Attfund Retail-portefeulje is vanaf 1 September 2011, die effektiewe datum van die verkryging, ingesluit.

Op 'n vergelykende grondslag het inkomste en uitkeerbare verdienste uit Hyprop se winkelsentrums met 8,0% en 7.4% onderskeidelik toegeneem. Eiendomsuitgawes het met 9% toegeneem. Canal Walk en The Glen het die jaar besonder goed presteer, met groei in uitkeerbare verdienste van 9% en 10% onderskeidelik.

Uitkeerbare verdienste uit hotelle het afgeneem vanweë 'n netto verlies by The Grace (voor verkoop) tesame met onderprestasie by Southern Sun Hyde Park.

Uitkeerbare verdienste uit genoteerde eiendomsekuriteite het met 10% toegeneem as gevolg van verbeterde uitkeergroei uit Sycom en vanweë die toevoeging van 8,9 miljoen Sycom-eenhede wat ingevolge die Attfund Retail-verkryging verkry is.

Uitkeerbare verdienste in die tweede helfte van die jaar sluit ook 'n eenmalige voordeel ten bedrae van 3,7 sent in wat spruit uit 'n uitgestelde betaling ten opsigte van die 15 miljoen Attfund teenprestasie-eenhede wat deur die maatskappy teruggekoop is.

Nie-kerninkomste sluit Hyprop se belegging in Word4Word Marketing (Edms) Beperk en fooi-inkomste uit Vunani Property Investment Fund ("VPIF") in.

Inkomste uit die geassosieerde maatskappy het betrekking op uitkerings wat van VPIF ontvang is. Hierdie inkomste het afgeneem as gevolg van Hyprop se verkoop van 50% van sy belange in VPIF, gelyktydig met die VPIF se notering op die JSE.

Ten spyte van die groter portefeulje het totale agterstallige gelde op 31 Desember 2011 R41 miljoen beloop, dieselfde as die vorige jaar. Die totale voorsiening vir twyfelagtige skuld op jaareinde het R17,4 miljoen beloop (2010: R20,8 miljoen).

#### Onbesette area

Die totale onbesette area in die portefeulje was op 31 Desember 2011 4,1% (2010: 3,9%):

| Onbesette area-profiel per sektor | % van totale GLA 2011 | % van totale GLA 2010 |
|---|---|---|
| Kleinhandel | 3,6 | 3,8 |
| Kantore | 10,0 | 4,7 |

### BETALING VAN SKULDBRIEFRENTE

Uitkering nommer 49 van 137 sent per gekombineerde eenheid vir die vier maande geëindig 31 Desember 2011 sal soos volg aan houers van gekombineerde eenhede betaal word:

| | 2012 |
|---|---|
| Laaste dag vir verhandeling met uitkering | Donderdag, 15 Maart |
| Gekombineerde eenhede verhandel sonder uitkering | Vrydag, 16 Maart |
| Rekorddatum | Vrydag, 23 Maart |
| Betaling van uitkering | Maandag, 26 Maart |

Eenheidhouers mag nie hulle gekombineerde eenhede tussen Vrydag, 16 Maart 2012 en Vrydag, 23 Maart 2012, albei dae ingesluit, dematerialiseer of hermaterialiseer nie.

### WYSIGING IN REKENINGKUNDIGE BELEID

#### Uitgestelde belasting

Hyprop het die wysiging aan IRS 12 vroeër in gebruik geneem. Uitgestelde belasting word nou erken op die herwaardasie van die gebouekomponent van beleggingseiendomme teen die kapitale wins-belastingkoers, met die veronderstelling dat die belegging deur die verkoop daarvan verhaal sal word en dus kapitale wins-belasting sal oploop. Hyprop het die wysiging terugwerkend toegepas, soos deur IRS 8 vereis word.

Die vroeë aanname het die uitwerking gehad dat die 2009 uitgestelde belastinglas verminder is, met 'n ooreenstemmende toename in die openingsreserwes vir 2010 van R685 miljoen. Die uitwerking op die 2010 uitgestelde belastinglas en openingsreserwes was 'n netto afname van R752 miljoen. Die vorige jaar se aanpassings word openbaar deur middel van 'n derde kolom in die staat van finansiële posisie.

### OPSTELLINGSGRONDSLAG

Hierdie resultate is in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslag-doeningstandaarde ("IFVS"), Internasionale Rekeningkundige Standaard IRS 34 'Tussentydse Finansiële Verslagdoening', die AC 500 Standaarde soos uitgereik deur die Rekeningkundige Standaarde Raad, die JSE-noteringsvereistes, en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, 2008, opgestel.

Behalwe vir die wysiging in die rekeningkundige beleid waarna hierbo verwys is, stem die rekeningkundige beleid wat by die opstelling van die finansiële jaarstate toegepas is, ooreen met dié wat in die geouditeerde finansiële state vir die vorige finansiële jaar toegepas is.

Grant Thornton het die finansiële inligting wat in hierdie resultate uiteengesit is, geoudit. Hulle ongekwalifiseerde ouditverslag is by die maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

Die opstelling van die finansiële inligting het geskied onder die toesig van Laurence Cohen CA(SA) in sy hoedanigheid as Finansiële Direkteur.

### EIENDOMPORTEFEULJE

| Besigheidsegment | Verhuurbare area (m²) | Waarde aan Hyprop toeskryfbaar 31 Desember 2011 R'000 | Waarde aan Hyprop toeskryfbaar 31 Desember 2010 R'000 | Waarde per verhuurbare area 31 Desember 2011 (R/m²) |
|---|---|---|---|---|
| Canal Walk | 157 450 | 4 880 000 | 4 556 000 | 38 742 |
| **Super streeksentrums** | **157 450** | **4 880 000** | **4 556 000** | **38 742** |
| Clearwater* | 85 370 | 2 500 000 | | 29 284 |
| The Glen | 74 624 | 1 623 365 | 1 535 433 | 28 945 |
| Woodlands Boulevard* | 69 867 | 1 604 000 | | 22 958 |
| CapeGate* | 106 016 | 1 435 000 | | 13 536 |
| **Groot streeksentrums** | **335 877** | **7 162 365** | **1 535 433** | **22 922** |
| Hyde Park | 36 910 | 1 337 000 | 1 277 000 | 36 223 |
| The Mall of Rosebank | 35 950 | 923 000 | 918 000 | 25 675 |
| Southcoast Mall | 29 361 | 122 000 | 129 500 | 8 310 |
| **Streeksentrums** | **102 221** | **2 382 000** | **2 324 500** | **24 496** |
| Willowbridge* | 45 011 | 607 000 | | 13 486 |
| Stoneridge | 51 293 | 409 500 | 407 700 | 8 871 |
| Somerset Value Mart* | 12 546 | 154 000 | | 12 275 |
| Atterbury Value Mart* | 47 707 | 885 000 | | 18 551 |
| **Value-sentrums** | **156 557** | **2 055 500** | **407 700** | **13 420** |
| **Winkelsentrums** | **752 105** | **16 479 865** | **8 823 633** | **24 470** |
| **Kantore#** | **51 240** | **769 000** | **331 000** | **15 008** |
| **Hotel** | | **145 000** | **271 000** | |
| **Beleggingseiendom** | **803 345** | **17 393 865** | **9 425 633** | **24 047** |
| Ontwikkelingseiendom | | 116 000 | 73 674 | |
| Genoteerde Eiendomsekuriteite | | 2 176 173 | 1 529 268 | |
| Belegging in VPIF | | | 210 055 | |
| | **803 345** | **19 686 038** | **11 238 630** | **24 047** |

** Vanaf 1 September 2011 verkry*

*# Sluit kantore in wat vanaf 1 September 2011 van Attfund Retail verkry is*

#### Beleggingseiendom

Beleggingseiendom is onafhanklik volgens die metode van verdiskonteerde kontantvloei deur die Old Mutual Beleggingsgroep: Property Investments (Edms) Beperk gewaardeer.

Kantore sluit die drie Pretoria kantoorgeboue in wat met die Attfund Retail-portefeulje verkry is.

Ontwikkelingseiendom het betrekking op die Rosebank Gardens-terrein, wat deel sal vorm van die herontwikkeling van The Mall of Rosebank. Hyprop het gedurende die jaar Intaprop (Emds) Beperk se 30% onverdeelde aandeel in die Rosebank Gardens-terrein vir R45 miljoen verkry.

Die belegging in die geassosieerde maatskappy is Hyprop se 20% belang in die Garden Route Mall (2010: VPIF).

#### Verkope

Ingevolge 'n voorkoopsreg is Attfund Retail se 25% belang in Centurion Mall met ingang 1 September 2011 vir R751,5 miljoen aan Fountainhead Property Trust verkoop.

Die Grace Hotel is gedurende die jaar vir R85 miljoen verkoop. Die verkoop het in November in werking getree en oordrag is in Januarie 2012 geregistreer.

#### Ontwikkelings

Die beplande herontwikkeling van The Mall of Rosebank ("The Mall") het verder gevorder en daar is met sloping by die Rosebank Gardens-terrein begin. Die herontwikkeling van The Mall self sal begin sodra stadsbeplanninggoedkeurings ontvang is en daar aan verhuringsvereistes voldoen is. Daar word voorsien dat konstruksie gedurende 2012 sal begin. Nadere inligting sal mettertyd aan eenheidhouers gekommunikeer word.

Daar word ook beplan om binne die volgende 12 maande te begin met verdere uitbreidings by Canal Walk, om aan huuraanvraag te voldoen en met die opknapping van Willowbridge Suid.

#### Genoteerde Eiendomsekuriteite

Hyprop het op 31 Desember die volgende genoteerde eiendomsbeleggings gehad:

| | Tipe fonds | Getal eenhede | % gehou | Waarde R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Sycom Property Fund Beperk | PUT | 84 225 688 | 39,0% | 1 980 |
| Vunani Property Investment Fund Beperk | PLS | 14 198 976 | 11,8% | 99 |
| Acucap Properties Beperk | PLS | 2 610 430 | 1,5% | 97 |
| **Totale waarde** | | | | **2 176** |

Die beleggings in genoteerde eiendomsekuriteite vorm nie deel van Hyprop se kernportefeulje nie en sal geëvalueer word in lyn met die maatskappy se langtermynstrategie.

### NETTO BATEWAARDE

Die netto batewaarde per gekombineerde eenheid ("NBW") met jaareinde was R51,12, wat 'n 1,3% afname teenoor die aangepaste NBW op 31 Desember 2010 verteenwoordig.

Uitgesluit uitgestelde belasting was die NBW met jaareinde R57,37, wat 'n premie van 7,7% teenoor Hyprop se sluitingsprys van R53,25 per gekombineerde eenheid op 31 Desember 2011 is.

### LENINGS

Netto lenings van R5,3 miljard op 31 Desember 2011 lewer 'n hefboomverhouding van 26,2% op, 'n toename van 12,6% teenoor 2010.

By jaareinde was rentekoerse verskans ten opsigte van 60% van lenings, teen 'n geweegde gemiddelde koers van 8,2% (2010: 9,4%) en 'n geweegde gemiddelde termyn van 5 jaar.

Na die jaareinde is 'n verdere R450 miljoen veranderlike skuld vir vier jaar verskans teen 'n geweegde gemiddelde koers van 8,2%, wat die verskanste boek op 70% van lenings teen 'n geweegde gemiddelde koers van 8,3% te staan bring. Die geweegde gemiddelde termyn bly 5 jaar.

### DIREKSIE

Louis Norval en Louis van der Watt is met ingang 1 September 2011 as nie-uitvoerende direkteure op die direksie aangestel. David Rice het op 25 November 2011 uit die direksie bedank. Die direksie bedank David vir sy bydra tot die maatskappy.

### VOORUITSIGTE

Die direksie sal voortgaan om te fokus op die verkoop van nie-kernbates, die uitbreiding en herontwikkeling van bestaande sentrums en die verbetering van bedryfsdoeltreffendhede. Daar sal ook aandag geskenk word aan alternatiewe vorms van finansiering om die algehele koste van skuld verder te verminder.

Hyprop sal voortgaan om te belê in winkelsentrums van hoë gehalte en omvangryke grootte. Die direksie sal dit oorweeg om in winkelsentrums elders, insluitende die res van Afrika, te belê.

In die lig van die implementering van die Attfund Retail-verkryging en die korttermynverwatering vanweë hoër hefboomfinansiering, verwag Hyprop om uitkeergroei van tussen 4% en 6% vir 2012 te toon.

Die maatskappy se ouditeure het nie hierdie voorspelling nagesien of daaroor verslag gedoen nie.

Namens die direksie.

**MS Aitken**
Voorsitter

**PG Prinsloo**
Hoof- Uitvoerende Beampte

28 Februarie 2012

**DIREKTEURE**:
MS Aitken*† (Chairman); PG Prinsloo (CEO); LR Cohen (FD); EG Dube*; KM Ellerine*;
L Engelbrecht*†; MJ Lewin*; L Norval*; S Shaw-Taylor*; LLS van der Watt*; M Wainer*; LI Weil*†
*(* Nie-Uitvoerende Direkteur † Onafhanklike Direkteur)*

**GEREGISTREERDE KANTOOR**
2de Verdieping, Cradock Heights, Cradocklaan 21, Rosebank
(Posbus 41257, Craighall, 2024)

**OORDRAGSEKRETARISSE**
Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Grondverdieping, Marshallstraat 70, Johannesburg (Posbus 61051, Marshalltown 2107)

**MAATSKAPPYSEKRETARIS**
Probity Business Services (Edms) Beperk

**SPONSOR**
Java Capital (Edms) Beperk

**BELEGGERSBETREKKINGE**
Envisage Investor & Corporate Relations

THE LOOKING GLASS JN4359